2017/09/22
08:31 AM

# Graan SA Oggend Markkommentaar

| | DATUM 2017/09/22 | DATUM 2017/09/21 | | | + - WEEK GELEDE 2017/09/11 | | + - MAAND GELEDE 2017/08/21 | | + - JAAR GELEDE 2016/09/19 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Data | Δ | Δ% | Data | Δ% | Data | Δ% | Data | Δ% | Data |
| DJIA-index | 22359 | -53.36 | 0.2% | 22413 | 2.6% | 21798 | 3.2% | 21675 | 23.4% | 18120 |
| Goud (Spot) | 1298.05 | -0.45 | 0.0% | 1298.50 | 3.0% | 1337.86 | 0.9% | 1286.27 | 1.4% | 1316.06 |
| Brent $/vat | 56.24 | 0.22 | 0.4% | 56.02 | 4.1% | 54.04 | 6.9% | 52.59 | 22.8% | 45.81 |
| 1 € / US$ | 1.1965 | 0.005 | 0.4% | 1.1915 | 0.4% | 1.2015 | 1.8% | 1.1750 | 7.1% | 1.1172 |
| 1 US$ / ZAR | 13.25 | -0.080 | 0.6% | 13.33 | 2.7% | 12.90 | 0.6% | 13.17 | 5.4% | 14.00 |
| Corn | R 1 825.69 | -6 | 0.3% | R 1 831.46 | *CBOT Corn Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Sep 12:00 the previous day | | | | | |
| Wheat | R 2 178.07 | 6 | 0.3% | R 2 171.83 | * CBOT Wheat Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Sep 12:00 the previous day | | | | | |
| Soybeans | R 4 674.18 | 1 | 0.0% | R 4 673.32 | * CBOT Soy Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Sep 12:00 the previous day | | | | | |
| Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day) | | | | | | | | | | |
| Corn Sep 17 | 350.00 | 1.00 | 0.3% | 349.00 | 2% | 344.00 | -1% | 352.00 | -5% | 368.00 |
| Wheat Sep 17 | 452.00 | 4.00 | 0.9% | 448.00 | 9% | 413.00 | 9% | 416.00 | -2% | 462.75 |
| Soybeans Sep 17 | 970.00 | 6.00 | 0.6% | 964.00 | 1% | 956.00 | 4% | 937.00 | 0% | 972.50 |
| . | | | | | | | | | | |
| SORGHUM Dec '17 | 2750.00 | 0.00 | 0.0% | 2750.00 | 1.8% | 2800.00 | -13.2% | 3170.00 | | NA |
| WMAZ Spot | 1823.00 | -10.00 | 0.5% | 1833.00 | 0.7% | 1811.00 | 0.4% | 1815.00 | -52.5% | 3841.00 |
| WMAZ Dec 17 | 1890.00 | -9.00 | 0.5% | 1899.00 | 0.1% | 1889.00 | 3.1% | 1833.00 | -51.3% | 3878.00 |
| WMAZ Mar 18 | 1935.00 | -2.00 | 0.1% | 1937.00 | 0.3% | 1929.00 | 1.0% | 1916.00 | -49.0% | 3796.00 |
| YMAZ Spot | 1945.00 | -4.00 | 0.2% | 1949.00 | 0.5% | 1936.00 | 0.0% | 1945.00 | -38.7% | 3175.00 |
| YMAZ Dec 17 | 2008.00 | -3.00 | -0.1% | 2011.00 | 0.1% | 2006.00 | 2.3% | 1963.00 | -37.9% | 3231.00 |
| YMAZ Mar 18 | 2054.00 | -3.00 | 0.1% | 2057.00 | 0.2% | 2050.00 | 0.6% | 2041.00 | -35.4% | 3181.00 |
| SOY Spot | 4686.00 | -16.00 | 0.3% | 4702.00 | 0.8% | 4650.00 | 3.5% | 4528.00 | -27.0% | 6420.00 |
| SOY Dec 17 | 4808.00 | -16.00 | 0.3% | 4824.00 | 0.7% | 4775.00 | 5.6% | 4554.00 | -25.9% | 6490.00 |
| SUN Spot | 4785.00 | -18.00 | 0.4% | 4803.00 | 1.5% | 4715.00 | 2.2% | 4682.00 | -24.6% | 6350.00 |
| SUN Dec 17 | 4873.00 | -14.00 | 0.3% | 4887.00 | 0.5% | 4849.00 | 3.6% | 4703.00 | -25.3% | 6525.00 |
| WHEAT Spot | 4311.00 | -39.00 | 0.9% | 4350.00 | 3.4% | 4170.00 | 7.6% | 4666.00 | 5.6% | 4084.00 |
| WHEAT Dec 17 | 3980.00 | 6.00 | 0.2% | 3974.00 | 0.9% | 3946.00 | 1.1% | 4024.00 | 0.5% | 3999.00 |

**NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE**

**Markoorsig:** Die rand het ondesteuning gevind sedert gister-middag met marksluiting en verhandel vanoggend sterker teenoor die doller. Die rand verhandel vanoggend teen R13.26/$. Die ondersteuning in die rand was gesien na die SARB gister aangekondig het dat die repo uitleenkoers onveranderd gelaat word op 6.75% en die prima uitleenkoers op 10.25%. Daar was baie gemengde gevoelens in die mark voor die aankondiging, met baie analiste wat van mening was dat die SARB die rentekoerse moontlik sou laat daal het gister met 'n verdere 25 basispunte. Die besluit om die rentekoerse onveranderd te laat was meestal as gevolg van die risiko's in die plaaslike ekonomie wat steeds voortduur, veral op 'n politieke vlak wat kan lei na verdere afgraderings van die land se kredietstatus later vanjaar. Die inflasiekoers het ook gedurende Augustus verhoog tot en met 4.8% teenoor die 4.6% gedurende Julie 2017. Die Brent ru olieprys verhandel ook tans teen ongeveer 'n 5 maande hoogtepunt, teen $56.24/vat as gevolg van die toename in vraag en die verwagte beperkinge op produksies deur die OPEL lande.

**Mielies:** Die Amerikaanse mieliepryse het vir die tweede agtereenvolgende sessie ondersteuning gevind, alhoewel die toenames in die pryse nie groot was nie. Die ondersteuning in die mark was beperk deur die laer as verwagte uitvoere. In gister se USDA weeklikse uitvoerverkopeverslag is daar gerapporteer dat die ou seisoen verkope vir die week 525 808 ton beloop het wat aansienlik laer as verlede week se uitvoerverkope van 1.046 miljoen ton was. Die grootste uitvoerbestemmings vir die week was Meksiko, Japan en Kolombië. Die Amerikaanse mielieuitvoere sal fyn dopgehou word met die uitvoere wat ongeveer 39% laer is as die tempo wat benodig word om by die USDA se vooruitskating vir die seisoen te kom. Dit is egter nog vroeg in die 2017/18 bemarkingseisoen. Die Amerikaanse mieliepryse is egter steeds onder druk met die groot voorrade wat beskikbaar is en die Amerikaanse stroopproses wat besig is om tempo op te tel. Die stroopproses in die VSA was aan die begin van die week 7% voltooi. China het aangedui dat hulle meer mielies gaan invoer om aan die vraag te voldoen vir die produksie van etanol met die nuwe branstofplant wat geïmplenteer gaan word teen 2020. Die huidige skatting van die USDA vir Chinese invoere is effens laer as wat die verwagte invoere van China behoort te wees. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister meestal onder druk gekom en het laer verhandel vir meeste van die kontrakmaande van beide wit- en geelmielies. Die fokus in die plaaslike mark is tans op die uitvoere, maar die uitvoere vind teen 'n baie stadiger tempo plaas as wat benodig word om die surplus uit die land uit te kry. Dus is daar groot voorraadvlakke plaaslik beskikbaar wat die mark onder druk hou.

**Sojabone:** Die Amerikaanse sojaboonpryse is tans vasgevang tussen die ondersteunende inligting in die mark van die sterk groei in die uitvoervraag na sojabone en die inligting van die groot verwagte internasionale voorraadvlakke wat die markte onder druk hou. Die Amerikaanse pryse het gister byna onveranderd tot sterker afgesluit. Daar was die afgelope twee weke baie groot daaglikse uitvoere aan die USDA gerapporteer deur privaat uitvoerders. Die daaglikse uitvoere vind slegs plaas indien die uitvoerkontrak meer as 100 000 ton is. Meeste van hierdie groot uitvoere wat die afgelope twee weke gerapporteer is, was na lande soos China, Meksiko, Taiwan en Pakistan. Daar is ook baie van die uitvoere wat gerapporteer is na onbekende bestemmings toe. Die hooffokus in die internasionale sojaboonmark vir die volgende paar weke sal die stroopproses in die VSA wees wat aan die gang is. Daar is baie gemengde gevoelens in die mark gewees rakende die verwagte opbrengs in die VSA en die  opbrengste wat gerapporteer word met die vordering van die stroopproses sal baie meer sekerheid bring rakende die verwagte produksievlakke in die VSA. Die USDA het die Amerikaanse produksie vir die seisoen op ongeveer 120 miljoen ton geskat, wat 'n nuwe rekord produksie sal wees indien dit realiseer teen hierdie vlakke. Die USDA verwag ook dat die wêreld eindvoorraadvlakke sal toeneem in die 2017/18 seisoen tot en met ongeveer 97.5 miljoen ton vanaf die gerapporteerde 95.9 miljoen ton in die 2016/17 seisoen. Die Suid Amerikaanse produksie sal ook 'n kritieke rol speel in die bydra tot die wêreld voorraadvlakke met Brasilië en Argentinië wat die twee grootste produserende lande in Suid Amerika is. Enige groot probleme met produksies in enige van hierdie twee lande kan 'n noemenswaardige impak hê op die wêreldvoorraadvlakke en die internasionale mark kan moontlik sensitief wees vir die weersomstandighede in hierdie lande vir die volgende paar weke met die aanplantingstydperk wat daar aan die gang  is. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister gemeng verhandel en het aanvanklik in die sessie ondersteuning gevind, maar het later die dag weer onder druk gekom en  het meestal laer afgesluit. Die verhandelingsaktiwiteit in die mark is steeds relatief laag met redelike lae kontrak volumes wat gister in die mark gesien was.

**Koring:** Die Amerikaanse koring met het gister goeie prysondersteuning getoon en al drie die Amerikaanse koringmarkte het gister hoër afgesluit. Die sagte rooi winterkoring het gister goeie ondersteuning gevind om teen hoogtepunte te verhandel wat laas middel Augustus in die mark gesien was. Die fondse in die VSA het steeds 'n groot netto kort posisie in die mark en baie van die prysondersteuning kan toegeskryf word aan die beskerming teen die kort posisies in die mark. Die internasionale markte hou ook die weersomstandighede in ander lande dop, met Australië se koringproduserende streke wat gebuk gaan onder droë toestande terwyl oormaat reën in Argentinië ook nadelig is vir die produksie daar. Die weeklikse uitvoerverkope was ongeveer 3% laer as verlede week en 24% laer as die 4 weke gemiddeld teen hierdie tyd van die seisoen. Die ou seisoen koringuitvoere is ook laer as wat die handelsverwagtinge was en ook laer as die USDA se skatting vir die seisoen. Die weeklikse verskepingstempo is ook laer as verlede week se tempo en daar is ook 'n aansienlike sloerperiode in die tempo teenoor die 4 weke gemiddeld teen hierdie tyd van die seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister baie sterk gemeng verhandel met die September kontrak wat 'n hoogtepunt vir die dag van R750/ton op gehad het voor dit weer afgekom het en R39/ton laer gesluit het. Dit was gister die laaste verhandelingsdag vir die September kontrak en daar was aanvanklik baie meer kopers in die mark wat ondersteuning aan die mark gebied het voor die verkopers toegetree het tot die mark en die mark weer skerp onder druk gekom het. Daar is tans baie onsekerhede in die mark met die plaaslike voorraadvlakke wat laag is, maar die verwagtinge is dat daar heelwat invoere behoort plaas te vind in die volgende twee maande, wat die gaping van die lae voorraadvlakke voor die plaaslike stroopproses begin dek.

**Plaaslike Markinsigte & Data:** www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za
**Internasionale Markinsigte & Data:** www.usda.co.za

***Opgestel deur** Michelle Mokone and Luan van der Walt/ **Vir navrae, kontak**: Michelle@grainsa.co.za/Luan@grainsa.co.za*

Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

*Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.*